

ST. FILIPPUS EN ST. JAKOBUS, APOSTELS

3 MEI

(1ste eeu)



FILIPPUS was van Betsaïda in Galilea afkomstig en het onmiddellik die Here Jesus gevolg toe Hy hom geroep het. Hy het sy vriend Nataniël gaan vertel dat Jesus die een is oor wie Moses en die profete geskryf het. Jesus wend hom tot Filippus vóór die vermenigvuldiging van die brode en ons vind ook sy naam onder dié wat in die bo-vertrek in Jerusalem op die koms van die Heilige Gees gewag het.

JAKOBUS staan bekend as die 'Jongere' of die 'Mindere'. Hy was die 'seun van Alfeus' na wie daar in Matteus 10:3 en Handeling 1:13 verwys word. Hy was waarskynlik 'n bloedverwant die Here Jesus (Matteus 13:55 en Galasiërs 1:19) en dus dieselfde Jakobus wat as die eerste biskop van Jerusalem opgetree het (Handeling 15 en 21:18). Volgens die Joodse geskiedskrywer Josefus is Jakobus in die jaar 62 vermoor toe hy deur anti-Christelike gepeupel in Jerusalem dood gestenig is.